BELEID VIR DIE RAPPORTERING VAN ONGERYMDHEDE EN WANADMINISTRASIE

Verwysingsnommer	2P_2.9.6
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
Beleidsadministrateur	Direkteur: Interne Oudit
Verantwoordelike afdeling	Interne Oudit
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	17 Junie 2021
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	Junie 2024

Interne Oudit

BELEID VIR DIE REPPORTERING VAN ONGERYMDHEDE EN WANDADMINISTRASIE

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op 17 Junie 2021 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;

1.3 Wet op Beskermende Bekendmakings, 26 van 2000;

1.4 Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000;

1.5 Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 3 van 2013;

1.6 Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000;

1.7 Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998.

2 Beleidsverklaring

2.1 Dit is die beleid van die NWU om verbind te wees tot die hoogste standaarde van openheid, eerlikheid en aanspreeklikheid.

2.2 Die Universiteit sien toe dat, ten einde aanspreeklikheid en deursigtigheid te bevorder, meganismes ingevolge die Wet op Beskermde Bekendmakings geïmplementeer word om werknemers, studente en lede van die publiek in staat te stel om besorgdheid op 'n verantwoordelike en doeltreffende manier uit te spreek sonder om blootgestel te word aan onbehoorlike diskriminasie of vooroordeel teen sodanige individue wat beskermde bekendmakings maak.

2.3 Die Universiteit sien toe dat enige persoon wat 'n beskermde bekendmaking maak, volle beskerming sal geniet teen benadeling omdat hy/sy relevante ongerymdhede onder die aandag van die Raad of die Bestuur van die Universiteit gebring het.

3 Beleidsdoelstellings

3.1 Hierdie beleid beoog om dit vir werknemers, studente en lede van die publiek moontlik te maak om sonder vrees vir vergelding besorgdheid uit te spreek wanneer hulle afkom op inligting wat volgens hulle op ernstige wanadministrasie of misdrywe binne die Universiteit dui.

3.2 Die besorgdhede soos bedoel in 3.1 kan insluit sake van openbare belang, wat potensieel kan lei tot dissiplinêre of ander regsoptrede, wat 'n spesiale ondersoek kan noodsaak, betreffende byvoorbeeld –

- finansiële wanadministrasie;
- bedrog;
- growwe skendings van reëls, regulasies, of wetgewing;
- gedrag wat 'n gevaar vir gesondheid & veiligheid inhou;
- gedrag wat 'n gevaar vir die omgewing inhou;
- kriminele aktiwiteit;
- onbehoorlike of onetiese gedrag;

- verkwistende en onreëlmatige uitgawes;
- misbruik van gesag; en
- pogings om enige van bogenoemde te verbloem.

3.3 Die doel van hierdie beleid is nie om roetinebeleidsbesluite te bevraagteken wat deur die Universiteit geneem is rakende finansiële, strategiese of besigheidsaangeleenthede nie.

3.4 Die prosedures waarvoor hierdie beleid voorsiening maak, mag nie gebruik word om besorgdhede oor aangeleenthede wat reeds volgens die prosedures van die Universiteit met betrekking tot teistering of dissipline hanteer is te heroorweeg nie, behalwe indien vasgestel word dat ernstige wanadministrasie of misdrywe tydens sulke prosedures plaasgevind het.

4 Beskerming

4.1 'n Persoon wat ingevolge hierdie beleid iets bekend maak, geniet beskerming, mits die bekendmaking gemaak word –

- te goeder trou;
- met die redelike oortuiging dat die verstrekte inligting op wanadministrasie of misdrywe dui;
- in ooreenstemming met die prosedures soos voorgeskryf in hierdie beleid; en
- aan die toepaslike beampte of funksionaris van die Universiteit.

4 . 2 Die Universiteit moet al sodanige bekendmakings vertroulik en met die nodige sensitiwiteit hanteer.

4.3 Die identiteit van 'n persoon wat iets bekend maak, moet op versoek van die persoon vertroulik gehou word.

4.4 Indien vertroulikheid die beweerde wanadministrasie of misdrywe belemmer of dwarsboom, kan die openbaarmaker gevra word om in te stem om die risiko van blootstelling te loop deur kontakbesonderhede te gee of 'n formele verklaring af te lê om verdere ondersoek te fasiliteer, of om die bekendmaking terug te trek, met dien verstande dat sodanige keuse nie op 'n manier aangebied word wat die beskerming waarvoor in hierdie beleid voorsiening gemaak word belemmer nie.

5 Bekendmakings

5.1 Hoe om iets bekend te maak

5.1.1 'n Persoon wat 'n beskuldiging van wanadministrasie of misdrywe maak, moet poog om die redelike akkuraatheid van die aangemelde inligting te verseker en om alle beskikbare tersaaklike besonderhede van die bekendmaking te verskaf.

5.1.2 'n Formele bekendmaking moet verkieslik skriftelik op die voorgeskrewe vorm gemaak word (verwys na Bylae A), wat aanlyn beskikbaar gestel word op die NWU se webwerf (waarna verwys word as deel van die beleid), of aangevra kan word van die Direkteur: Interne Oudit, en ingedien word –

- direk aan die Direkteur: Interne Oudit;
- per e-pos gerig aan die Direkteur: Interne Oudit;
- per e-pos gerig aan report-fraud@nwu.ac.za , of
- deur deponering van die voorgeskrewe vorm in 'n Interne Oudit-rapporteringsposbus op enige kampus, met die bewoording: "Rapportering van ongerymdhede deur werknemers, studente en lede van die publiek".

5.1.3 Indien die openbaarmaker enige rede het om te vermoed dat die bekendmaking nie bevredigend deur Interne Oudit hanteer sal word nie, kan die openbaarmaking direk onder die aandag van die voorsitter van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee van die NWU-Raad gebring word.

5.1.4 'n Persoon wat iets bekend maak, het die reg anoniem te bly deur nie die kontakbesonderhede-afdeling van die voorgeskrewe vorm in te vul nie. In sulke gevalle moet verstaan word dat enige terugvoer ten opsigte van die anonieme bekendmaking aan die openbaarmaker nie sal plaasvind nie.

5.1.5 Enige bekendmaking aan enige ander kantore/departemente wat verband hou met finansiële ongerymdhede en wangedrag moet na Interne Oudit toe verwys word vir ondersoek.

5.2 Ondersoek

5.2.1 Na ontvangs van 'n bekendmaking moet die Direkteur: Interne Oudit so gou as wat redelikerwys moontlik is aandag gee aan die beskuldiging.

5.2.2 Die meriete van die bekendmaking moet eerstens getoets word deur die substansie daarvan te bepaal.

5.2.3 Indien bevind word dat daar 'n *prima facie*-saak vir verdere ondersoek bestaan, moet die saak onmiddellik onder leiding van die Direkteur: Interne Oudit ondersoek word.

5.2.4 Indien die klagte teen Interne Oudit is of op enige manier met Interne Oudit se aktiwiteite verband hou, kan die bekendmaking direk aan die Voorsitter van die Oudit, Risiko- en Nakomingskomitee gekommunikeer word.

5.2.5 Indien geen van bogenoemde roetes geskik is nie, kan die klaer die Direkteur: Regsdienste of die Visekanselier se kantoor nader.

5.2.6 Indien bewyse van kriminele aktiwiteite gevind word, moet die Direkteur: Interne Oudit 'n strafsaak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanhangig maak, en die Universiteit moet te alle tye toesien dat enige interne ondersoek nie die SAPD-ondersoeke belemmer nie.

5.2.7 Vir die assessering van die meriete van 'n bekendmaking moet die nodige oorweging geskenk word aan –

- die erns van die geopperde kwessies;
- die geloofwaardigheid van die openbaarmaker;
- die waarskynlikheid dat die beskuldiging onafhanklik bevestig sal kan word, en
- die vraag of die bekendmaking handel oor gewone foute wat reggestel kan word.

5.2.8 Die volgende stappe moet gevolg word in 'n ondersoek:

- aantekening van die bekendmaking en besonderhede daarvan in 'n chronologies genommerde register;
- 'n bepaling deur die Direkteur: Interne Oudit van die geldigheid van die bekendmaking;
- indien die bekendmaking handel oor 'n fout wat reggestel kan word of 'n kwessie wat gewoonlik deur ander amptelike universiteitskanale hanteer word, moet die Direkteur: Interne Oudit dit na die betrokke funksionaris of universiteitstruktuur verwys;
- indien die bekendmaking 'n volledige ondersoek deur Interne Oudit regverdig, moet die Direkteur: Interne Oudit 'n spesiale ondersoek instel wat so gou moontlik onderneem moet word, sonder om die objektiwiteit en integriteit van die ondersoek of die verslag in gedrang te bring;
- die opstel van 'n finale spesiale ondersoekverslag wat ouditbevindinge en aanbevelings bevat, met inbegrip van, waar toepaslik, aanbevelings vir dissiplinêre of ander regstellende stappe;
- die verspreiding van die verslag aan alle betrokke partye soos geïdentifiseer tydens die ondersoek;
- indien die openbaarmaker dit nie anoniem gedoen het nie, sal die vordering of uitslag van die ondersoek op versoek aan sodanige persoon gekommunikeer word; en
- rapporteer die vordering van hierdie ondersoeke aan die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee (subkomitee van die Raad).

6 Ongegronde en kwaadwillige bekendmakings

6.1 Indien 'n bekendmaking te goeder trou gemaak word, maar die bewerings nie deur die daaropvolgende ondersoek bevestig kan word nie, mag die openbaarmaker nie aan dissiplinêre of ander nadelige optrede onderwerp word nie.

6.2 Indien daar bevind word dat 'n fiktiewe bekendmaking kwaadwillig gemaak is, word die openbaarmaker blootgestel aan moontlike dissiplinêre en ander regstappe deur die Universiteit.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2021\2P_2.9.6\Beleid vir die repportering van ongerymdhede en Wandadministrasie.docm
12 Augustus 2021

Verwysingsnommer: 2P_2.9.6

Interne Oudit

VERSOEK VIR 'N SPESIALE ONDERSOEK

BEKENDMAKING VAN INLIGTING

Verwys asseblief na "Die beleid vir die rapportering van ongerymdhede en wanadministrasie deur werknemers, studente en lede van die publiek" wat op die NWU-webwerf beskikbaar is (http://www.nwu.ac.za) voordat u hierdie vorm voltooi.

1 Kontakbesonderhede van Fluitjieblaser

(Skryf asseblief leesbaar of tik en voltooi alle tersaaklike items.

Gebruik "n.v.t." (nie van toepassing) of "Onbekend" waar toepaslik.)

1.1 Naam van die persoon wat optrede verlang:

Prof. Dr. Mn Me. Mev Mej.

_____

1.2 Verwantskap met die Universiteit:

Huidige werknemer ☐ Werkaansoeker ☐ Voormalige werknemer

Lid van die publiek ☐ Ander *(spesifiseer asseblief)*

_____

_____

_____

_____

1.3 Kontakinligting:

Huis- of posadres: _____

Telefoonnommer(s):

(Huis) _____

(Kantoor) Uitbreiding _____

(Sel) _____

Faksnommer: _____

E-posadres: _____

1.4 Huidige posisie, studentenommer en/of besonderhede van u verwantskap met die Universiteit:

_____

_____

1.5 Departement / Afdeling:

_____

1.6 Kampus:

_____

1.7 Hoe het u bewus geraak van die prosedure om iets openbaar te maak aan Interne Oudit?

☐ Interne Oudit-webwerf ☐ Universiteitswebwerf

☐ Personeellid ☐ Lid van die publiek

☐ Vakbond ☐ Medewerker

☐ Nuusstorie

Ander *(beskryf asseblief):* _____

1.8 Indien u hierdie klagte indien as 'n regs- of ander verteenwoordiger van die persoon wat die bekendmaking maak, verskaf asseblief die volgende inligting:

Naam/titel van indiener:

Prof. Dr. Mn Me. Mev Mej.

_____

1.9 Kontakinligting:

Huis- of posadres: _____

Telefoonnommer(s):

(Huis) _____

(Kantoor) Uitbreiding _____

(Sel) _____

Faksnommer: _____

E-posadres: _____

2 Besonderhede van u bekendmaking

2.1 Ek dra kennis van die inligting wat ek hier bekend maak omdat (merk alles wat toepaslik is):

☐ Ek het persoonlike en/of direkte kennis van die betrokke gebeure of rekords.

☐ Ander werknemers het my ingelig oor die betrokke gebeure of rekords.

Ander bron(ne)? *Gee asseblief besonderhede*

_____

2.2 Identifiseer asseblief die betrokke kampus in u bekendmaking:

_____

2.3 Identifiseer asseblief die betrokke fakulteit/departement:

_____

2.4 Adres van die betrokke organisatoriese eenheid:

_____

2.5 Identifiseer asseblief die tipe misdrywe wat u beweer *(merk alles wat toepaslik is)*. Indien u afmerk "oortreding van wet, reël of regulasie," vermeld asseblief waar moontlik die toepaslike wet, reël of regulasie wat oortree is (naam, vak, en/of sitaat).

☐ Oortreding van reël, wetlike verpligting, regulasie, statute of wetgewing

_____

_____

☐ Finansiële wanadministrasie of onbehoorlikheid of bedrog;

☐ Wesenlike en spesifieke gevare vir gesondheid & veiligheid van die omgewing;

☐ Kriminele aktiwiteit;

☐ Onbehoorlike of onetiese gedrag;

☐ Growwe vermorsing van fondse;

☐ Misbruik van gesag;

☐ Pogings om enige van bogenoemde te verbloem;

☐ Ander (spesifiseer asseblief)

_____

_____

_____

_____

2.6 Beskryf asseblief die besonderhede van u bekendmaking (wees asseblief so spesifiek as moontlik. Sluit datums, lokaliteite, identiteite en posisies van genoemde persone in. Heg stawende dokumentasie aan waar moontlik. U kan op 'n afsonderlike vel papier voortgaan indien u addisionele ruimte benodig.)

2.7 Indien u die inligting wat hierin gerapporteer is deur enige ander kanaal bekend gemaak het, gee asseblief besonderhede, en wat is die huidige status van die aangeleentheid?

3 Sertifisering en handtekening

Ek verklaar dat al die stellings wat in hierdie klagte gemaak word (met inbegrip van enige verdere bladsye) na my beste wete waar en korrek is. Parafeer asseblief op elke bladsy.

_____ _____

Handtekening Datum

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\2. Management\2.9 Internal Audit\Versoek vir 'n spesiale ondersoek.docm
12 Augustus 2021

Verwysingsnommer: 2.9.6.2